There was a time when our Courts insisted that if racial segregation was enforced by public authorities, then equal facilities had to be provided. Government got round that one by passing the Reservation of Separate Amenities Act in 1953, providing explicitly that separate facilities could be unequal.

Natal University's Professor Barend van Niekerk has calculated that, statistically speaking, something like one out of every four adult Africans is arrested each year for infringements of laws applicable only to Blacks.

How would Mr Botha explain the following to the world?

- Africans, Coloureds, and Asians have no vote where it really counts—for the White Parliament which makes the laws governing every aspect of their lives.

The limited powers given to the Bantustans, the SA Indian Council, and the Coloured Persons' Representative Council do not begin to compensate for the political say Blacks lost when Parliament removed them from the common voters' roll;

- With justification, SA has been called a labour "repressive" economy.

A keystone of apartheid is that Africans will be allowed into the so-called White cities and towns only so long as they are required there "to minister to the needs" of White employers. This doctrine is enforced in a number of laws, and there are no signs that government plans any policy change in this area.

Indeed, the migratory labour system is being systematically extended. UCT's Francis Wilson calculates that half of the registered African workers in the "White" areas are migrants.

While other races (as well as foreign immigrants from Europe), are allowed to bring their families to their places of work, hundreds of thousands of African workers are denied this elementary right;

- In the year ended June 1973, according to figures in the latest police report, an average of 1 370 Africans were prosecuted each day for pass and influx control offences. Only Africans are subjected to the pass law;

- SA law does not accord African workers the status of "employee". So, unlike other workers, they have no right to bargain over their wages in industrial council meetings, and they have no right to join registered trade unions;

—Rand Daily Mail, 16.11.74

smith & abbot ink





- Job reservation, both statutory and customary, excludes Africans from skilled jobs. Only a month ago, three employers in Pretoria were fined for employing Africans in skilled jobs. The Mines and Works Act, which prevents Africans from obtaining blasting certificates, is only one of a host of discriminatory labour laws;

- Minister of Police, Jimmy Kruger, says, and rightly, about SA policemen serving on Rhodesia's borders: "The men who are engaged in defending our land outside our borders will be compensated to a greater extent for the patriotism displayed by them."

But while a White married man on duty gets R7,50 daily in extra allowance and a bonus of R1 200 if he completes a 12-month stint of continuous voluntary service at the Rhodesian border, the figures for a Black married man are R4,50 and R900 respectively;

- When the Transvaal Provincial Council took over the running of Soweto clinics in April this year from the Johannesburg City Council it reintroduced racial salary scales for doctors. The Council had been paying Black and White doctors equally, but the Province docked R2 000 from the Black doctors' pay.

Transvaal Administrator, Sybrand van Niekerk, railed at the City Council for having done a "dangerous thing" in upping the pay of Black doctors to White levels;

- Government has decreed that "trading by Bantu in White areas is not an inherent primary opportunity for them." So would-be African entrepreneurs who want a share of the hundreds of millions of rands spent each year by African consumers cannot run more than one business in a township or sell anything except "essential domestic requirements". They

also cannot form trading companies, partnerships, financial institutions, or wholesale concerns.

- When new State social pensions come into effect in December, the basic payments to Whites will be R57 a month; to Coloureds and Indians, R29,50; and to Africans, R11,25;

- Africans are not allowed to own land in most areas where they live and work. White foreigners, even if they are not SA citizens, are;

- By the time Homelands consolidation has been completed, "Black spots" removed from "White" areas, and labour tenants and squatters cleared off White farms, something like 2 million Africans will have been evicted from their homes. The number of Whites removed in terms of Homelands consolidation is infinitesimal by comparison.

- Under the Native Administration Act of 1927, the State President may order any African tribe, section of a tribe or individual African to move to any place in the Republic and to remain there. The Natives (Prohibition of Interdicts) Act of 1956, prohibits any Court of Law from issuing an interdict to stay the execution of any order issued under any law requiring an African to leave any place.

The list is endless. If Botha thinks he can get away with bluffing the UN that discrimination based on the principle of different ethnic groups is not the same thing as discrimination based on race and colour, he might just as well pack his diplomatic bag and get on the next plane to Pretoria.

So let's hope he wasn't bluffing; let's pray his speech, which must have had Cabinet approval, means that better things lie ahead for SA's Blacks.

—Financial Mail, 1.11.74

**briewe aan die redakteur:**

**bruinmense is ons mense**

Geagte Redakteur,

Graag wil ek my skaar aan die kant van die skrywe van dr. Beyers Naudé, Pro Veritate, Oktober 1974, bl. 7. „NIE MEER ONS MENSE NIE". Ek wil dr. Naudé gelukwens met hierdie bydrae in Pro Veritate. Jammer dat ons regering so swaar afsien van sy, byna kan ons sê, bese planne: As hulle tog maar na sulke verstandige en vërsiende raad wou luister.

Hierdie „ons mense" (Bruinmense) is tereg, soos dr. Naudé dit stel, Suid-Afrikaners en ons kan net bid dat dit God mag behaag dat hierdie volksdeel wat nog altyd getoon het dat hulle Suid-Afrikaners is en wil wees, by ons ingeskakel word.

Moet nou net nie hieruit aflei dat my skrywe gemengde huwelike beoog nie, al is dit 'n skepping van die Blankes.

A.J.J. BURGER

**GIVE PRO VERITATE AS A GIFT!**

Name : .....  
(Person presenting gift)

Address : .....

Town : .....

Code : .....

Enclosed R .....

Send gift subscription to :

Name : .....

Address : .....

Town : .....

Code : .....

(R3 p.a. for 12 issues)

Return to:

Pro Veritate (Pty.) Ltd., P.O. Box 31135,  
Braamfontein, 2017 South Africa.

# WEIGHED AND ...?

## DR. NAUDÉ SOOS HELD ONTVANG

AMSTERDAM. — Dr. Beyers Naudé, hoof van die Christelike Instituut, is Saterdagmiddag soos 'n held op die lughawe Schipol naby Amsterdam ontvang. Hy het op 'n besoek van tien dae in Nederland aangekom.

Die Nederlandse televisiediens het by sy aankoms 'n vraaggesprek met hom opgeneem, en die gesprek is nog dieselfde aand oor die Nederlandse televisie vertoon. Gister is 'n radio-program van 'n halfuur aan sy koms gewy. Daarin het hy 'n soort debat gevoer met verskillende S.A. kerkleiers wie se standpunte spesiaal vir die program op band opgeneem is.

In die televisie-uitsending het dr. Naudé gesê dat hy die indruk het dat daar groot veranderinge in S.A. op koms is. Volgens die Eerste Minister, mnr. B.J. Vorster, sal die volgende ses maande 'n beslissende aanpassing in die rassepolitiek bring.

Dr. Naudé het gesê dat die grootste probleem met 'n radikale verandering in Suid-Afrika die houding van die blankes sal wees.

### Leer

Vir 25 jaar is hulle geleer om in terme van apartheid te dink, en die regering sal hulle nou in 'n kort tyd moet leer om presies in die teenoorgestelde rigting te dink.

Die radiodebat het veral bestaan uit 'n soort tweegesprek tussen dr. Koot Vorster en dr. Naudé. Dr. Vorster het gesê die N.G. Kerk steun afsonderlike ontwikkeling, omdat die bybel oral die beginsels van die verskeidenheid van volke en mense erken. Die geskiedenis van Babel en die geskiedenis van die vreemde tale wat Jesus se dissipels ná sy kruisdood kon praat, toon dat God die verskeidenheid van mense ingestel het om die sonde te bestry.

Ná die skermutseling tussen die blanke dominees het 'n aantal nie-blanke dominees hul mening gegee. Hulle is ds. J.C. Adonis, ds. E.D.J. Jacobs, ds. E.T.S. Buti en ds. J.J.F. Mettler.

Die nie-blanke geestelikes het hulle in die debat soos een man agter dr. Naudé geskaar. Hulle het almal gesê dat 'n

politieke oplossing vir Suid-Afrika waarin die nie-blankes nie as volwaardige gespreksgenote geraadpleeg word nie, vir hulle nie aanvaarbaar sou wees nie. Geen kompromis by gracie van die blanke regering sou hulle paai nie.

### Vrede

Ds. Sem Buti van die N.G. Bantoekekerk het gesê die Bantoekekerk het sy vertrouwe in die blanke Moederkerk verloor. Nou beteken die Christelike Instituut vir baie swart Christene veel meer. Hy het gesê as Suid-Afrika bevry is, die blankes miskien sal ly onder die wyse waarop hulle die nie-blankes in die verlede behandel het. Maar aan die ander kant is dit die enigste oplossing wat op die lang duur vrede en harmonie tussen die rasse in Suid-Afrika sal bring.

Ds. Mettler het gesê die Kleurlinge sal nooit kan verstaan waarom hulle nie mag woon waar hulle wil nie, waarom hulle nie in alle omstandighede die werk mag doen wat hulle ten beste voor aangelê en opgelei is nie, en waarom hulle nie van alle sosiaal-kultureel geriewe soos teaters gebruik mag maak as hulle dit verkies nie—altans nie—solank dié dinge vir die blankes wel vryelik beskikbaar is nie.

—Die Beeld, 11.11.74

## QUESTIONS TO GOVERNMENT ON MILITARY SERVICE

We are tired of hearing lectures on patriotism from Prominent Nationalists.

Particularly since they don't appear to know what real patriotism is.

But seeing they, and particularly Defence Minister P.W. Botha, have chosen to link the ideal of patriotism to a readiness to serve in the South African Army in a war decided on by the South African Government, we address the following questions to Mr. Botha:

1. Has he ever been eligible to serve in the South African Army during any war declared by a South African Government?

# GEWEEG EN ...?



# NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERKSINODE OCTOBER 1974

---

BYLAAG TOT PRO VERITATE, DESEMBER 1974

---

## wat het in die kerk gebeur?

ROELF MEYER

Die N.G. Kerksinode, wat vanaf 16-25 Oktober in Kaapstad vergader het en wat meer as 'n 1000 gemeentes, wat deur 1400 predikante bearbei word, verteenwoordig het, het 'n groot geleentheid gehad om aan Suid-Afrika leiding op veel gebiede te gee. Die groot vraag is of dit wel gebeur het. Die oorweldigende indruk wat 'n mens na die sinode bybly, is dat die grootste kerk in Suid-Afrika diep teleurgestel het omdat hy nie 'n relevante woord vir ons dag gesprek het nie.

Die meeste besluite wat oor kontensieuse sake geneem is, het eintlik maar die gewoontes of gebruike, wat reeds in die kerk aan die gang was, onder woorde gebring. Die besluit van die sinode wat bv. toelaat dat kerksale vir Swartmense beskikbaar gestel mag word, is 'n bevestiging van 'n gebruik wat reeds al jare in sommige gemeentes gehandhaaf is.

Die N.G. Kerk het gevolglik onomwonde besluit om die status quo in Suid-Afrika te steun en dit nog meer ferm as ooit tevore te doen. Erger nog, in sommige opsigte het die kerk probeer om die lewe in trurat te plaas, soos bv. met die besluit oor gemengde huwelik, nl. dat dié wet na alle bevolkings-groepe uitgebrei moet word indien hulle daarom sou vra.

Hier is die groot vraag weereens: Waarom doen die kerk dit? Die antwoord lê daarin opgesluit dat die blanke Afrikaner glo dat hy die roeping het om die probleme op 'n „Christelike” wyse in Suid-Afrika op te los en dat hy dit reeds al 'n geruime tyd doen deur middel ook van sy ondersteuning van „apartheid”. Die groot gevaar wat die kerk nou sien, is dat dié oplossing waaraan hy ook gewerk het, tot iets in die teenoorgestelde rigting kan beweeg na 'n moontlike lewenswyse wat met „apartheid” in stryd is. Gevolglik moet die N.G. Kerk nie net die huidige sisteem van Afsonderlike Ontwikkeling steun nie,

maar moet hy daarteen waak dat dit nie sou „ontaard” nie en in sommige gevalle moet hy selfs meer „verkramp” as die huidige bestel wees.

### Die „Landman”-Verslag was nie van veel praktiese waarde nie

Veel is van die sg. Landmanverslag oor rasse- en ekumeniese aangeleenthede verwag en daar is veel en sinvolle arbeid deur talle teoloë verrig, maar die uiteindelijke indruk wat 'n mens met die finale besluite deur die sinode gekry het, was dat die besluite in talle opsigte nie relevant vir die brandende probleme van die dag was nie, of dat dit so deur amendamente gewysig is dat dit net sowel vir Suid-Afrika 'n dertig jaar terug besluit kon gewees het. Die feit dat die oorheersende probleem, waarvoor baie vinnig 'n oplossing gevind móét word, nl. die Swartman in die stad, ontwyk is deur slegs van dié deel van die verslag kennis te neem, toon dat die kerk nie gewillig is om die evangelie van Christus as 'n profetiese woord op die situasie toe te pas as dit werklik moed vereis nie.

Weereens knaag die vraag waarom die kerk nie gewillig is om dit te doen nie. Daar is redes verstrekkend waarom die kerk nie oor dié praktyk van die lewe in Suid-Afrika besluit wou neem nie. Daar is gesê dat die kerk hom nie met 'n praktiese werk-program moet besig hou en daarvoor uitsprake lewer nie. Daar is ook beweer dat die kerk, in hierdie geval as 'n beleidsinode, slegs besluite in beginsel moet neem en dat individue in die praktyk dan dié riglyne moet navolg. Maar die dieperliggende oorsake lê tog anders.

Dit is duidelik dat die kerk nie die bogenoemde redes ernstig bedoel het nie, omdat daar in sommige gevalle wel besluite vir die praktyk geneem is, soos bv. dat die loongaping tussen die

Bruinmense en die Blankes verklein behoort te word.

Die eintlike rede waarom die kerk in sommige gevalle geskerm het vir die besluit oor sekere sake, is dat daar 'n vrees was dat sommige mense dalk van die kerk vervreem sou word, of dat die kerk moontlik beskuldig kon word dat hy nie so „nasionaal” soos die regering sou wees nie, of dat hy on-Afrikaans en on-„Suid-Afrikaans” sou geword het.

Die mense wat hartstogtelik gepleit het dat die kerk met besluite wat slegs oor beginsels gaan, moet volstaan, het die debat gewen en die sinode oorheers, maar daarin lê 'n diepe teologiese dwaling, wat die kerk miskien tot sy eie groot skade te laat mag agterkom. Dit is naamlik dat die evangelie wel deeglik ook 'n woord tot die praktiese lewe te sê het. Die evangelie behels nie net sogenaamde ewige beginsels nie. Die uitsprake oor die praktyk van die lewe en die probleme daaromheen is nie maar 'n vreemde toevoegsel tot die evangelie nie; dit is ook wel deeglik deel van die evangelie. By die kerk moet dit ook gevolglik dieselfde wees. Dit baat weinig vir die kerk om maar net in vae algemeenhede en stelling, soos bv. dat die Blanke die Swartman in die stad moet „liefhê”, te volstaan. Daar moet ook praktiese besluit oor die situasie van bv. gesinsverbroekeling en die wette, wat onder andere daarvoor verantwoordelik is, geneem word.

Die indruk oor dié aangeleentheid bly 'n mens by dat die kerk dit eintlik ten diepste ervaar het dat dit 'n gerieflike uitvlugkans was om in sekere gevalle slegs sogenaamde beginselbesluite te neem.

#### **Apartheidsraamheid bly laaste norm**

Baie sê tog agterna dat baie van die Landmankommissie-verslag se besluite „verlig” en 'n stap voorwaarts was. Dit moet ten diepste bevraagteken word. Al hierdie besluite word gekwalifiseer in die raamwerk waarin dit geneem is, nl. 'n apartheidsamelewing, waar die Blanke *vir* en *namens* die Swartman besluite neem, of hy daarmee sou instem of nie. Met ander woorde dié besluite, al sou sommige daarvan Skrifuitleg bevat, word tog in laaste instansie kragteloos gemaak omdat dit deur die politieke raamwerk, wat deur die kerk ondersteun word, *beheer* en ten diepste *gekwalfiseer* word.

Waar besluite dan oor bv. geregtigheid, wat moet geskied, of oor naasteliefde, geneem is, word dié Bybelse „beginsels” dan weer gerelativeer deur die status quo, waar die Blanke alleenlik die mag en voorreg in laaste instansie in die hande hou, en wat as sodanig deur die kerk ondersteun word.

Wat nou noodsaaklik geword het, is dat die N.G. Kerk met die vraag uitgedaag moet word of die evangelie van Jesus Christus sy finale norm en gesag is en of *die Blanke voortgestaan in die apartheidsraamwerk* eintlik die hoogste gesag is waaraan alles tog in die praktyk onderworpe gemaak moet word, al word mooiklinkende „beginsel”-besluite oor die evangelie geneem.

'n Mens kan nie van die feit wegkom dat die besluite, wat as stappe vooruit beskou word, tog maar onbelangrik vir die basiese probleme van die Swartman is nie. Wat het die kerk eintlik vir sy nood op politieke gebied, sy lyding op die gebied van gesinsontwrigting, armoede, diskriminasie op soveel lewensgebiede en die onteiening van sy geboorteregte in sy land gedoen? Die besluite wat as stappe voorwaarts gesien word, moet miskien nie verwerp word nie, maar in 'n mate gewaardeer word:

Dit is soos 'n Swartman wat deur die Witman in 'n tronk gevangene gehou word. Die tronk was in 'n haglike toestand

sodat daar iets gedoen móés word. Die Witman besluit toe om positiewe stappe met betrekking tot die saak te neem. Hy besluit om 'n baie beter dieet vir die Swartman in die tronk te voorsien sodat hy nie so erg moet honger ly nie; hy besluit om groter vensters in die tronk te plaas sodat hy meer lig kan hê; hy besluit om beter slaapperiewe te voorsien sodat die Swartman nie so erg in die koue moet ly nie, ens.

Die feit bly egter staan dat die swartman wesenlik in die gevangenis *gehou* word. Daarom loop die N.G. Kerk ook nou die gevaar, as dit nie alreeds so is nie, dat ook die ander N.G. Kerke, (Bruin, Swart en Indiër), die wit N.G. Kerk as doelbewus onbelangrik vir die praktiese probleme sal waardeer.

#### **Konfrontasie tussen wit en swart kerke?**

Erger nog, die konfrontasie tussen die swart N.G. Kerke en die wit N.G. Kerke kan nie uitbly nou dat die N.G. Kerk met die Landmanverslag, waarna lank uitgesien is, tog maar weer „apartheid” in wese met sy besluite ondersteun het nie. Sommige verwyf selfs die kerk dat hulle die regering van voorwaartse stappe terughou! Die verklaring van die groep swart predikante van die N.G. Kerk in Afrika dat hulle „apartheid” verwerp omdat dit wesenlik in stryd met die evangelie is, en die besluit van die Sendingkerk wat daarop neerkom dat hulle apartheid in staat sowel as in kerk verwerp, kan nie anders as dat die wit kerk deur die swart kerke met die evangelie gekonfronteer word nie. Die N.G. Kerk het tot op die huidige nog altyd probeer om gehoorsaamheid van die sogenaamde dogterkerke te vereis met betrekking tot die leiding wat die wit kerk in sy besluite en reglemente gegee het. Hierdie gehoorsaamheid is van die swart kerke verwag omdat hulle dankbaar behoort te wees vir die ondersteuning van die wit kerk deur middel van finansiële bydraes en ander hulp.

Wat die toekoms betrek, sal dit vir die N.G. Kerk 'n geweldige uitdaging wees wat sy houding teenoor die swart kerke gaan wees as hulle 'n heel ander pad, wat nie in die raamwerk van apartheid pas nie, opgaan.

Indien hulle toelaat dat 'n breuk tussen hulle en die ander N.G. Kerke ontstaan, sou hulle nie meer op hulle groot sendinggawes kon roem nie. Indien hulle onwillig sou wees om nog die swart kerke finansiële en andersins te steun indien dié kerke radikaal optree en volgens die evangelie menseregte, wat die Blankes vryelik geniet, eis, sal dit vir almal duidelik wees dat die N.G. Kerk in elk geval maar net die Swartman wou „omkoop” met sy hulp om die status quo te steun.


Die diepe teologiese vraag waarvoor die kerk in elk geval nou so duidelik gestel is, is wie die stem van die Here en die leiding van die Heilige Gees reg vertolk het. Die wit N.G. Kerk wat Afsonderlike Ontwikkeling steun as sou dit die wil van God wees, of die swart N.G. Kerke, met presies dieselfde kerkleer, wat dit wesenlik as oncristelike afwys?

Dit is duidelik dat die N.G. Kerk, met sy besluit oor kontensieuse sake, albei kante, die „verkrampes” en die „verligtes” in die kerk, wou probeer bevredig en daarom is daar op punte dan ook verwarrende besluite geneem sodat 'n mens nie seker is of dit met mekaar in konflik is nie. Die presiese teks sal eers noukeurig bestudeer moet word. Die groot vraag en probleem vir die denkkendes in die kerk is nou of dit werklik die weg is wat die kerk van Christus in 'n noodsituasie, waar geweld op die grense plaasvind en moontlik ook in die stede dreig, moet opgaan. *Rome-brand terwyl die kerk mooiklinkende „beginselbesluite” neem wat daarop neerkom dat die praktyk met al sy onreg, diskriminasie en lyding eintlik gesteun word.\**





WITMAN VEG VIR DIE STATUS QUO  
VAN 'N BLANKGEDOMINEERDE  
KERK TEEN DIE SWARTMAN WAT  
PROBEER OM DIE RASSISTIESE  
STRUKTUUR VAN DIE KERK TE VER-  
BRYSEL—N. MGOSI



N. MGOSI  
1974

# general disappointment over nederduitse gereformeerde sinode

CAPE TOWN — October 29: First reactions to the crucial four-yearly Synod of the N.G. Kerk which ended on October 25, indicated deep disappointment. The 500-member Synod is the supreme council in the N.G. Kerk which, with over a million members, is the most powerful and possibly the most influential White church in South Africa. High hopes were expressed before the Synod met for its ten-day session that it would provide strong new leads for South Africa, which is facing an increasingly urgent situation both internally and internationally.

While other churches and organisations—which have to be more diplomatic towards the N.G. Kerk, have not yet come out openly with their feelings on the Synod—the Press was practically unanimous in stating that the N.G. Kerk had not only failed to provide the lead desired, but had actually taken several backward steps. This has led to the Synod and Church being described as *verkramp* (obscurantist).

The general feeling that the N.G. Kerk has moved in a *verkramp* direction is not altogether justified. Nonetheless, decisions in four crucial areas have given the Synod an overall *verkramp* image. These are:

- The ultimatum directed to the Reformed Churches of the Netherlands to withdraw the approval of grants to the WCC's Programme to Combat Racism, or to face the breaking of links between itself and the N.G. Kerk;
- the decision by the Synod merely to note several passages in the "Landman Report" on Racial and Ecumenical Questions, dealing with the effects of migrant labour on African family life. This means that these sections will not appear in the final report;
- the acceptance by the Synod that racially mixed marriages are undesirable and that the Immorality Act, which makes sexual relations across the colour line illegal, should be extended to all races in South Africa "if they desire it";
- the overwhelming rejection by the Synod of a move, introduced by Prof. Ben Marais of Pretoria, to urge all church councils to open their doors to people of all races. In the end the Synod resolved to leave it to local churches to decide on whether to permit Blacks to use their buildings.

The evidence of a powerful bloc of deeply conservative thinking on these and other issues resulted in several English-language newspapers bluntly describing the N.G. Kerk as *verkramp*. However since the English-language Press is more often than not hostile to the N.G. Kerk, this reaction was not altogether unpredictable.

Of more significance was the criticism of the Synod by the Afrikaans Press, which is generally friendly to the Church. Several Afrikaans newspapers, including Johannesburg's

*Vaderland, Transvaler* and *Beeld*, Pretoria's *Hoofstad* and Bloemfontein's *Volksblad*, were scarcely less critical than their English-language counterparts.

One of the sharpest reactions came at the weekend from *Rapport*, the largest-circulating newspaper in South Africa. One of its leading commentators, Mr. Schalk Pienaar, wrote: "Judging from its official decisions, the new world in which it is living has passed the N.G. Kerk by."

That it has been so severely criticised in the Afrikaans Press in particular, means that the N.G. Kerk has been tagged with a *verkramp* label from which it will be able to free itself with difficulty.

This could have the effect of placing the N.G. Kerk in a position of isolation both within and outside South Africa, which in turn could severely diminish its influence in national and ecumenical affairs.

## SACC, WCC membership "not an issue" at Methodist Conference

CAPE TOWN — October 22: The question of membership of the S.A. Council of Churches and the World Council of Churches had ceased to be an issue at the Annual Conference of the Methodist Church of South Africa, said SACC general secretary, Mr. John Rees. He was commenting on the approval by the Conference, without debate and without any contrary votes being recorded, of a resolution to continue in membership of the two bodies.

Earlier this year, the Synod of the Northern Transvaal, Botswana and Mozambique district of the Church requested the Church to withdraw from both the SACC and the WCC. Since then, the conservative Christian League of South Africa, in which a Methodist minister, the Rev. Fred Shaw, is a leading member, has circulated forms to local Methodist circuits asking them to support the Northern Transvaal move.

The general secretary of the Methodist Church, the Rev. Cyril Wilkens, reported that only two circuits had responded to the Christian League's request. The lack of support for any withdrawal move was underlined by the fact that not even the representatives of the Northern Transvaal Synod who were at the Methodist Conference, supported it.

Another indication of the support given by the Methodist Conference to the SACC was the "thanks and encouragement" it officially expressed to Mr. John Rees "for the strong stand he has taken in the interests of the Church in his representations to the WCC and as Secretary of the SACC, often in very difficult and embarrassing situations."

## Growing "English-Church" call for dialogue with Afrikaans Churches

CAPE TOWN — October 22: A decision by the Annual



Conference of the Methodist Church of South Africa to approach Afrikaans churches about dialogue on questions of common interest, meant that a third important English-language church body had taken a similar decision within a week.

Only days previously, the Executive of the S.A. Council of Churches had resolved to go ahead with attempts to initiate dialogue with the N.G. Kerk which had been taking place over the previous two years. Then on the weekend of October 19-20, the synod of the Anglican diocese of Cape Town heard a report on efforts at dialogue with the N.G. Kerk and the Brown "Sendingkerk" over the previous two years, and also decided to go ahead with moves for further dialogue.

At the Methodist Conference it was decided to approach the Ecumenical Commission of the N.G. Kerk, the Hervormde Kerk and the Gereformeerde Kerk to attempt to initiate consultations.

There appear to be no new factors in the desire for dialogue expressed by the three bodies. Both in the SACC and the Anglican synod difficulties in the dialogue attempts were noted: The Anglican committee reported that from its contacts "it has become clear that although there is a willingness on the part of certain members of the N.G. Kerk to seek ecumenical contact, this is going to be no easy task as there are many misunderstandings on both sides".

In this regard, the decision by the N.G. Kerk synod in Cape Town last week to appoint a full-time Public Relations Officer who would also have the responsibility of conducting all correspondence and liaison with other churches, could help to clear the way for dialogue between the N.G. Kerk and the English-language churches.

—*Ecunews*, 30.10.74.

## the 'landman' report - victory for 'verligtes'

DAVID THOMAS

The 1974 Synod of the N.G. Kerk will be remembered mainly for the Landman report on racial and ecumenical affairs; the Landman report, unfortunately, will be remembered for what it omits, rather than for what it contains. The refusal of the synod to approve of vital sections dealing with the living conditions of urban Blacks and with the catastrophic effects of migrant labour—which means that these sections will not appear in the report when it is published—is likely to give it an eternally conservative and timid stigma.

That reaction is already evident. One Afrikaans newspaper last weekend went to the length of reprinting the whole of the portion to be excised, thus indicating its strong disapproval of what is seen as a very *verkramp* move.

Yet, looked at within the context of the N.G. Kerk, the Landman report represents an overall, strategic victory for the more enlightened thinkers in that church. Not surprisingly, for many members of the "Ad-Hoc Commission on Racial and Ecumenical Affairs" are very enlightened men. Its chairman the Rev. W.A. Landman, Information Officer of the Church in the Cape, is widely renowned as a *verligte*; so are members like Prof. P.A. Verhoef of Stellenbosch University, Dr. F.E. O'Brien Geldenhuys, actuary of the Breë Moderatuur Dr. J.J.F. Durand of the University of the Western Cape and Dr. A.J. van Wijk of the University of the North.

These *verligtes* did suffer tactical defeats—some of them pretty devastating—at the hands of more conservative or *verkramp* elements. Nonetheless, the *verkrampes* by no means won every point which they contested; in fact, they were very much on the defensive. The *verligtes*, as the main presenters of the report, held the initiative and that they succeeded in getting

80% of the report through meant that the weight of victory was on their side.

Among the advances they chalked up were the burying, once and for all, of attempts to justify racism on grounds of Scripture. Thus, the Synod approved statements such as: "Scripture teaches and maintains the essential unity of mankind, together with the primal solidarity and the equality of all peoples as a principle."

Another ghost laid was that of the "Hamitic curse". The idea that Black races are condemned to perpetual servitude by virtue of the curse pronounced by Noah on their progenitor Ham, was categorically rejected in the report.

The report emphasised that Scripture never uses the term "race" in its modern, scientific sense, that there is no parallel between the situation of Israel in the Old Testament and modern racial questions, and that the Old Testament knows of no superior or inferior races.

The New Testament too, "maintains the unity and solidarity of mankind," while the command to love your neighbour as yourself is the ethical norm for relations between peoples. Further on in the report this command is seen as something "which must always be applied in concrete terms in every particular political, social and economic situation. The social justice of the New Testament thus also includes practical questions such as fair wages and humanitarian working conditions".

The report also contained paragraphs such as the following: "The Church must serve as the conscience of the people to bring to the light poverty, low wages, poor housing and other

socio-economic problems in under-privileged groups. There is a great danger that Christians can become used to the suffering and poverty around them and the Church must therefore strive to educate its members to live in a moderate and sober style and to avoid unnecessary luxuries that greater aid can be extended to less privileged groups".

This sort of concept is sufficiently advanced for some to have expressed surprise at their having been approved by the Synod at all, let alone being allowed to go through without any discussion, as many paragraphs of this nature were. Still, the Synod was anything but consistent. Every now and then, it would slam on the brakes and set its face against other points which were far less "revolutionary". One of the paragraphs on migrant labour which it refused to approve merely urged attention being given to pension and provident funds for migrant labourers "from which they can live in their old age".

The lack of consistency points to a considerable amount of confusion in the Synod. Indeed, sitting in its sessions one did get the impression that between the *verligte* and *verkramp* wings there was a large amorphous mass of delegates (as is the case in most church assemblies) not quite sure of what was happening and glad of a lead. Mostly, they took their lead from the report; on occasion the *verkramp*es were able to persuade them to do otherwise. On other occasions however, it was clear that they were thinking with their guts rather than with their hands.

This applied particularly where points might have been construed as being critical of Government policy. Some *verkramp*es did not hesitate to openly express this view. Among them was Dr. Hennie Terblanche, a well-known rightist, who argued that if the Synod accepted the points of migratory labour "we will be putting the Government in a very difficult position".

The general argument however, was that in considering these points, the Synod would be moving in a sphere that was not that of the Church—in other words, that the Synod was moving into a "political sphere".

This was strongly contested by *verligte* speakers like Dr. A.J. van Wijk, who said that one of the biggest reproaches against the N.G. Kerk was that while it took beautiful, resounding resolutions, it did not come anywhere near to the reality of the South African situation. The report was not a political analysis of the situation, he insisted.

These arguments did not make much headway with the majority, and *verligte* frustration was evident in the bitterness of clashes over these points which reached a climax when Dr. J. Muller of Stellenbosch and Dr. "Koot" Vorster (who although being a signatory to the report, voted against several of its recommendations) had an altercation on the floor of the Synod.

To an observer from the English-language churches, this argument had a familiar ring. Time and again dialogue attempts between English-and-Afrikaans-speaking churchmen have broken down on the question of what constitutes "politics", with the latter holding that the Church must confine itself to theological matters when the former brought up matters of practical concern for discussion. That the majority in the N.G. Kerk still think in this way bodes ill for future dialogue attempts between the "English" churches and the N.G. Kerk.

The *verligte* failure to move the N.G. Kerk on this point is being interpreted in the outside world as an indication that the

Church has not moved at all. But as has been pointed out above, in fact there was considerable movement in the Landman Report.

Yet it must also be conceded that the words "considerable movement" are applicable only within the N.G. Kerk itself. In terms relative to the outside church, social and political world, the movement is tiny.

And this is an indication that by outside standards, the *verligtes* in the N.G. Kerk appear to be pretty conservative. Over against statements on the essential unity of the human race in the Landman Report must be placed its very strong emphasis on the "God-given diversity" of mankind which, it is argued, was present even before the scattering of mankind at the Tower of Babel (which the N.G. Kerk accepts as historical fact).

Thus one finds the unique argument that in the scattering of Babel "there is not only curse, but also blessing, there is not only judgment on the sinful pride of the builders of Babel, but also an act of grace whereby humanity is not destroyed, but "all men seek the Lord" (Acts 17:27) and thus fulfil God's purpose."

This theology of differentiation leads to the conclusion that "under certain circumstances and conditions, the New Testament allows for the ordering of existence between different peoples living in one land by means of separate development". Thus, while the Report has knocked out any Scriptural foundation for racism, it still finds a Scriptural basis for apartheid—and that certainly constitutes one of the most conservative theologies around today.

Moreover, on the question of practical application of theological principles, there is only a difference of degree between *verligtes* and *verkramp*es. Introducing the report, Dr. W.A. Landman, insisted that the Church had a strictly limited field of action. "It is unfortunate (that) ... so many churches, including the World Council of Churches, go beyond their limits and occupy themselves with matters which lie outside their field of action and knowledge."

When even its enlightened thinkers show this kind of conservatism, inevitably the whole Church gets a conservative stamp. In the Landman Report, the *verligtes* may have won their strategic victory. But that the report is being interpreted as *verkramp* is not solely due to the activities of the *verkramp*es.

One observation might be made in conclusion, and that is that its theological conservatism has isolated the N.G. Kerk not only from the "English" churches in South Africa, but is also isolating it increasingly from its own Black "daughter churches". Representatives of those churches were notably critical of the "Mother Church" when they extended official greetings during the Synod.

One highly placed official (who is White) in the Coloured "daughter church" underlined this estrangement when he told another highly placed official of the N.G. Kerk after the debate on migrant labour: "Our Black and Brown people are turning to the S.A. Council of Churches because they feel that there they find more concern about their existential situation than they find among their own people in the N.G. Kerk."

What has happened is that the carefully nurtured "differentiation between White and Black N.G. churches, has cut the White Church off from hearing what the blacks are saying, and has made them largely blind to and unconscious of Black aspirations. This contributes strongly to deep and pre-



vailing conservatism of the N.G. Kerk. That conservatism has proved a great source of strength in the past. Today it could prove one of the most serious weaknesses in the most powerful

church in South Africa.

—*Ecunews*, 30.10.74.

# GEWEEG EN ...?

## NET 'N STEM

In die mate waarin die Algemene Sinode van die N.G. Kerk die aktuele Suid-Afrikaanse toneel betree het, was hy ontoepaslik en dus betekenisloos. Hy het hom bewys buitekant die heersende ernstige Suid-Afrikaanse debat te wees, en ongelukkig nie bo daardie debat nie.

Die Sinode het met homself te doen gehad, nie met die Suid-Afrika waarin hy staan nie. Selfs nie met die dogter-kerke nie, tussen wie en homself daar groeiende spanning is wat deur die verrigtinge in Kaapstad onafwendbaar verskerp sal word.

Vir almal wat na hom opgesien het om leiding, vir lig in 'n tyd wat donker word, was die sitting 'n pynlike teleurstelling.

Daar was 'n stem, en verder niks.

—*Inleidingsartikel, Die Beeld, 24.10.74*

## SINODE: TE VERSIGTIG OM TE LEI

Het die Algemene Sinode van die N.G. Kerk werklik 'n bydrae tot beter rassebetrekkinge gemaak?

*Het dit met sy uitsprake die Dogter-vleuels (Nie-Blanke kerke) van die N.G. Kerk nader aan die Blanke getrek?*

Het die Sinode inderdaad leiding aan sy Afrikaanse lidmate gegee in hierdie krisistydperk van sy bestaan, hom geestelik voorberei vir noodsaaklike aanpassings in menseverhoudinge?

Hoewel die Sinodesitting nog nie ten tye van dié skrywe verstreke is nie, ly daar min twyfel dat die antwoord op al drie vrae 'n klein ja, maar 'n baie groot Nee is.

Daar is die gunstige (hoewel versigtige) besluit oor Wit kerkgeboue en Swart lidmate.

Maar daarenteen is hierdie punt geskrap: „Die Kerk moet Christene lei, opvoed en toerus om die eise van die Skrif ook in die verandering te verstaan en gehoorsaam.”

Ewe verstommend is die hoofstuk in die verslag gesystap wat handel oor die knelpunte van die Swartman in Blanke gebiede. Omdat dit „buite die terrein van die kerk val”, is dit toe uit die Landman-verslag verwyder!

Wat wel bemoedigend is, is dat 'n skerp debat oor die saak plaasgevind en dat 149 afgevaardigdes teen die skraping-mosie gestem het.

—*Die Vaderland, 24.10.74*

## BEGINSEL REG, MAAR PRAKTYK SKRIK SINODE AF

Baie mense het reikhalend na die verslag van die Landman-kommissie uitgesien. En met reg het dit toe geblyk, want in die verslag is riglyne en maatstawwe waarmee bitter min mense sekerlik sou kon verskil, gegee.

Oggendblad het selfs 'n berig geplaas met die opskrif Kerk word versigtig verligter en 'n hoofartikel geskryf om sy steun te betuig.

Maar die rolperse het nie eens behoorlik met daardie uitgawe tot stilstand gekom nie, of die Algemene Sinode bereik daardie blaai van die Landman-verslag waar die prinsipiële stelling op die praktyk toegepas moet word.

En toe slaan alles toe en vas.

Die sinode het dus oor die brandendste vraagstukke tot geen slotsom gekom nie. Maar dit is 'n nul wat sy negatiewe uitwerking sal hê.

Goed, daar is op die sinode gesê dit gaan om die beginsel en nie om wat mense daarvan maak nie. Nou kyk, as dit waarlik so is, waarom dan nie sê dat gesinsverbrokkeling, losse geslagtelike verkeer en wat dies meer die kerk se aandag verg nie?

Of is dit dalk moontlik dat die grootste meerderheid van die kerkvaders se denke oor maatskaplike geregtigheid gekondisioneer is deur landsbeleid en politiek?

• 'n Klein naskriffie: Aangesien die Algemene Sinode dit nie nodig gevind het om na probleme soos gesinsverbrokkeling en losse geslagtelike verkeer te kyk nie, sal ons enige toekomstige brief van 'n kerkraad oor 'n foto van 'n meisie in 'n bikini gooi waar die sinode die Landman-verslag oor hierdie saak gegooi het—in die snippermandjie.

—*H. Pakendorf, Oggendblad, 25.10.74*

## ONMIN OOR 'N MANK SINODE

KAAPSTAD. — Skerp teleurstelling is uitgespreek oor die rigting waarin die Algemene Sinode van die NG Kerk ontwikkel. Veral vooraanstaande teoloë is omgekrap oor die besluite wat geneem word aan die hand van die Landman-verslag.

Dr G.J. Swart van Johannesburg het aan *Beeld* gesê: „Teologies is ons sterk, maar moreel is ons mank. Ons stuur af op 'n konfrontasie met die jonger Kerke en sal op die ou end

hulle én die Regering ,verloor'. Die Regering het al baie verder en vinniger gevorder as die Kerk."

Etlike Sinodegangers bestempel die algemene rigting as „'n tragedie." Prof. A.J. (Lex) van Wyk van die Universiteit van die Noorde meen: „As die konserwatiewe alarm lui, dan reageer die Sinode. Die Sinode is baie konserwatief ingestel en baie onwillig om kontensieuse sake aan te roer. Daar word met alle geweld weggeskram om uitsprake te lewer oor feitlike toestande."

### **Delikaat**

„Die jonger Kerke het ander menings oor die saak, en die verhouding tussen ons Kerk en hulle word al hoe meer delikaat."

Prof. J.J.F. Durand van die Universiteit van Wes-Kaapland, is baie jammer dat die Sinode hom nie uitgespreek het oor sake soos die Bantoes in die blanke gebied en die aanbevelinge oor trekarbeid nie.

„As die Kerk 'n profetiese roeping het en hy spreek hom in beginsels uit oor 'n saak, dan help dit weinig as hy hom nie oor die praktyk uitlaat nie. Dan verkry sy uitsprake nooit 'n konkrete gestelde nie." 'n Afgevaardigde het gesê die Nasionale Party is ontslae van Hertzogiete, maar die NG Kerk sit nog met hulle in sy geledere.

Prof. Jac. J. Müller van Stellenbosch het gesê: Ons skrik vir konkrete dinge. Die Sinode het „die kommissie" se werk van baie jare van die tafel gevee."

Prof. I.H. Eybers van Unisa sê dit is jammer dat die Sinode vinnig geformuleer het oor sake waarvoor die kommissie lank besin het. Enkele beter formuleringe het in die slag gebly. „Dit bring mee dat daar nie 'n logiese gang in die Sinodebesluite is nie, en selfs effens weersprekings voorkom."

—Die Beeld, 23.10.74

### **DS. BUTI BRING GROETE EN KRITIEK**

Ds. A. Buti, assessor van die NG Kerk in Afrika (vir swartmense) het in sy boodskap daarop gewys dat sy kerk die reg tot vrye keuse in die huwelik en tot gesamentlike aanbidding as 'n kwessie van vanselfsprekendheid verlang.

Ds Buti het gesê wat die NG Kerk in Afrika betref, is die huwelik 'n saak net tussen twee mense. Nogtans is die swartman nie voornemens om met die blanke te ondertrou nie, net so min as met byvoorbeeld die Indiër.

'n Kerkgebou kan nie net vir een volk opsy gesit word nie—dan het dit 'n volkskerk geword en s'aan dit nie in diens van God nie, maar van die volk.

Dit is vir die NG Kerk in Afrika vreemd dat die NG-Sinode so lank oor hierdie sake as „probleme" gesels het. Dit maak hom seer dat die kerk waaruit hy gegroei het, hom as 'n probleem beskou.

Die feit dat die swartman in die stede sy politieke situasie bevraagteken en die NG Kerk met die Regering vereenselwig word, maak die groei van die NG Kerk in Afrika 'n groot probleem. „Ons is nie opstandig nie. Ons is net 'n kind wat volwasse geword het."

—Die Transvaler, 24.10.74

### **BLACK CHURCHMEN HIT OUT AT NGK**

Leading Black figures in the Nederduitse Gereformeerde Kerk's "daughter" churches yesterday voiced clear disagreement with the "mother church" on important aspects of policy.

Most outspoken among the Black ministers at yesterday's sitting of the NGK general synod was the Rev. E.G. Mannikam, assessor of the Indian Reformed Church.

In an interview yesterday he expressed disappointment with the NGK's stand on mixed worship, mixed marriage and the church's threat to break ties with the Netherlands Reformed Church over support for Southern African guerilla movements.

On the mixed worship issue he told me: "My view is that it is strange that in 1974 any church should need to discuss it."

His standpoint on racially mixed marriages was that neither the church nor the state had a right to interfere— "What God has joined together, let no man put asunder."

He felt too, that the synod ultimatum to the Netherlands Reformed Church was "too hasty". As far as his own church was concerned, he believed that bonds with other churches should be strengthened rather than severed.

The Rev. E.T.S. Buti, assessor of the general synod of the NG Kerk in Africa, told the synod that his church might take decisions which clashed with those taken by the NGK.

"You talk of mixed worship. We cannot understand how this can be a problem. A Christian church cannot be a 'volk church.' If it is a 'volk church' we would not go into it whether its doors were open to us or not."

—Rand Daily Mail, 24.10.74

### **... IS DIT KERK SE STANDPUNT?**

Nadat die Algemene Sinode van die NG Kerk reeds byna die helfte van 'n verslag aanvaar het, het die afgevaardigdes ontdek dat hulle nie weet of dit darem nou die kerk se standpunte is nie.

Die verslag is daarna na 'n kommissie terugverwys.

Die hele aangeleentheid het ontstaan tydens die bespreking van die verslag oor die teologie van rewolusie.

'n Aanbeveling het gelui dat sonde nie net 'n individuele aangeleentheid is nie, maar ook in strukture en institute geobjektiveer is.

„Laat die kommissie asseblief verduidelik wat hierdie strukture is waarin die sonde is," wou ds. M.J.P. Olivier van Potchefstroom weet.

In die verduidelikings wat dr. Murray-Janson en ander kommissielede gegee het, het die broeders net meer verstrengel geraak. Niemand wis toe later meer of dit nou die kerk se standpunte is wat hulle aanvaar nie.

Ten einde laas is daar besluit om die verslag liever na 'n kommissie terug te verwys.

Die Vaderland, 22.10.74



## Verbod moet uitgebrei word

### WARM DEBAT OOR ONTUG, HUWELIKE

Die verbod op gemengde huwelike en ontug behoort in Suid-Afrika uitgebrei te word. Hierdie bepaling moet ook op ander bevolkingsgroepe toegepas word, indien hulle dit verkies.

*Só het die Algemene Sinode van die NG Kerk ná 'n warm beraad besluit.*

Die Bybel spreek hom letterlik nie vir of teen sodanige huwelike uit nie. Die verbod op gemengde huwelike is egter in die Skrif oorwegend godsdienstig gemotiveerd.

'n Huwelik is in die eerste plek 'n persoonlike en familie-aangeleentheid, maar dit het ook sosiale en maatskaplike implikasies.

Die Kerk het wel deeglik 'n pastorale roeping om, met die oog op sekere sosiale strukture, teen die aangaan van gemengde huwelike te waarsku.

Die Sinode het egter besluit dat dit denkbaar is dat die owerheid in bepaalde omstandighede gemengde huwelike kan verbied.

—*Die Vaderland, 22.10.74*

### SO 'N GEMENGDE HUWELIK BLY ONGEWENS

'n Belangrike aanbeveling van die Landman-kommissie in verband met gemengde huwelike is gisteraand deur die Algemene Sinode van die NG Kerk ingrypend gewysig.

Terwyl in die oorspronklike aanbeveling gesê word dat sekere omstandighede gemengde huwelike uiters ongewens maak, maar dat sulke omstandighede nie vir alle tye en alle situasies normatief is nie, het die Sinode nou besluit dat sulke huwelike ongewens bly solank die belemmerende faktore bestaan.

So 'n huwelik is ook nie net ongewens nie, maar ongeoorloof. Daarby word biologiese afstamming in die finale besluit ook ingevoeg as een van die belemmerende faktore.

Ds. W.A. Landman, voorsitter van die kommissie, prof. J.A. van Wyk van die Teologiese Skool aan die Universiteit van die Noorde en prof. I.H. Eybers van die Universiteit van Suid-Afrika het hul name daarteen laat notuleer.

—*Die Beeld, 22.10.74*

### DIS PROBLEME SOEK, SÊ BRUIN LERAARS

Vier predikante van die NG Sendingkerk—wat die Algemene Sinode van die NG Kerk as besoekers bywoon—het die Sinode se besluit dat die verbodsbepaling ten opsigte van gemengde huwelike en ontug uitgebrei moet word, eenparig verwerp.

Hulle het ook skerp gereageer op 'n bepaling in die besluit dat die uitbreiding van die verbod ook op ander bevolkings-

groepe van toepassing gemaak moet word indien die ander bevolkingsgroepe dit sou vra.

Ds. Alan Boesak, wat nou aan die Universiteit van Kampen in Nederland studeer en voorheen predikant van die gemeente Immanuel, Paarl, was, sê hy sien al hoe meer 'n groot konfrontasie tussen die NG Kerk van Afrika, die NG Sendingkerk en die NG Kerk kom. Dit is die sogenaamde swart/bruin en wit NG Kerke.

Vir die komende konfrontasie is hy nie bang nie, sê hy. „Solank dit 'n eerlike konfrontasie is, want net 'n eerlike konfrontasie kan 'n eerlike versoening bring. Ons sal mekaar eenvoudig hard moet aanspreek.”

„Dit word vir wit predikante al hoe moeiliker om vir bruin gemeentes dit wil sê vir die NG Sendingkerk se gemeentes, te preek.

„Noudat die NG Kerk 'n ultimatum aan Nederland gestuur het, kan ek net sê dat ek nie aan ultimatus glo nie,” het ds. Boesak gesê, „maar as daar dan ultimatus moet wees, dan moet die NG Sendingkerk lankal aan die wit NG Kerk 'n ultimatum oor hulle onchristelike beleid gestuur het.

„By die volgende byeenkoms van die NG Kerke se federale raad sal sekerlik hieroor gepraat word. Ons as NG Sendingkerk sal beslis nie bande met die Nederlandse Gereformeerde Kerke breek nie, veral nie nou dat drie van ons mense daar studeer nie.”

Ds. Adriaan Louw, huidige predikant van die gemeente Immanuel sê die Algemene Sinode se besluit gister oor gemengde huwelike en ontug is teen die Bybel. „Ons wil die Sydney-standpunt gehanfhaaf sien,” sê hy.

Ds. Johannes Adonis, predikant van die gemeente Philippi, het gesê, hy kan hom nie met die Algemene Sinode se besluit vereenselwig nie.

Hy was die predikant wat by die NG Sendingsinode 'n voorstel ingedien het dat die Regering die wet op gemengde huwelike moet skrap.

Sy voorstel is nie aanvaar nie. Maar die Sydney-formulering is wel aanvaar, naamlik dat die aangaan van huwelike 'n persoonlike saak is, sê hy.

Ds. Jan Mettler, sekretaris van evangelisasie van die NG Sendingkerk, sê hy is baie teleurgesteld oor die Sinode se besluit, „want dit is nog steeds op kleur gegrond.” 'n Brit mag nog altyd met 'n Afrikaner trou.

—*Die Beeld, 22.10.74*

### Uitbreiding van verbod op gemengde huwelike en ontug

#### NIE-BLANKES SE NG KERKBESLUIT IS BELEDIGING

Nie-blanke leiers is eenparig gekant teen die uitbreiding van die verbod op gemengde huwelike en ontug na ander bevolkingsgroepe. Die Algemene Sinode van die NG Kerk het so 'n besluit aanvaar. (Dit was onderhewig daaraan dat die ander bevolkingsgroepe daarom vra.)

Die Nie-blankes voel so 'n besluit is 'n belediging vir hulle. Die wette moet eerder afgeskaf word.

'n Lid van die Landman-kommissie het aan ons die rede vir die besluit verduidelik. Dit is om die stigma te verwyder dat net die Blanke deur die wette beskerm word. Wat die ander kant van die kleurgrens gebeur, het die witmense mee vrede.

Die Kleurlinge sou waarskynlik tien jaar gelede so 'n onderskeid tussen hulle en die Bantoe verwelkom het. Nou word die sinodale besluit vierkantig verwerp. Die besluit is dus 'n mistasting in die doelwit om menseverhoudinge te verbeter.

#### **Swartz: Skrap die wette**

Mnr. Tom Swartz, leier van die Kleurling Federale Volksparty, sê hy en sy mense is absoluut gekant teen die verbod, laat staan dat dit uitgebrei word. Dit moet van die wetsboeke geskrap word.

Die verbod kan nie skriftuurlik geregverdig word nie. Hy kan nie verstaan dat die sinodale kongresgangers so 'n besluit geneem het nie, want hulle is immers Bybelse mense, het mnr. Swartz aangevoer.

#### **Kwade dag: Indiër dominee**

As die verbod op gemengde huwelike en ontug na ander bevolkingsgroepe uitgebrei word, sal dit 'n kwade dag wees. Dit beteken dat ons die klok terugdraai. Ons moet ons eerder daarvoor beywer om die verbod as sulks afgeskaf te kry.

Dit is die oorwoë mening van ds. E.J. Manikkam, 'n NG-predikant van die Indiër Gereformeerde Kerk. Hy sê dit is sy oortuiging dat die oorgrote meerderheid van die Nie-blanke leiers—Bruin en Swart—net so daaroor voel.

*Die Vaderland, 23.10.74*

### **KERKRADE BESLUIT SELF OOR SAAMBID**

Kerkrade van die NG Kerk sal voortaan self mag besluit oor gesamentlike aanbidding, het die Algemene Sinode in Kaapstad besluit. 'n Voorstel deur prof. dr. Ben Marais dat die Sinode by kerkrade aanbeveel om hul deure vir alle groepe oop te maak, is egter verwerp.

Dr. Frans Geldenhuys (Actuarius) het gesê as daar één aanbeveling van die Landman-kommissie is waar oor deeglik besin is, met inagneming van alle standpunte, dan is dit hierdie een. Hy het dit weer aan die Sinode voorgelees:

#### **Gemeenskap**

„Geestelike gemeenskap word daar beleef waar gelowiges in gemeenskap met Christus deur Sy Woord en Gees bymekaar is. Hierdie gemeenskap kan ook beoefen word waar gelowiges uit verskillende Kerke by geleentheid saam aanbid. Die wyse waarop dit in die Kerk sal plaasvind, is nie verantwoordelikheid van die plaaslike Kerkraad.”

Dr. Geldenhuys het gesê dit bevat geen voorskrifte nie. Hy glo die Sinode kan dit met vrymoedigheid ondersteun.

*—Die Beeld, 23.10.74*

### **KERKRADE SAL SELF OOR SALE BESLUIT**

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het gisteraand besluit dat kerkrade en gemeentes self moet besluit of hulle geboue aan bediendes in blanke woonbuurte beskikbaar wil stel vir eredienste en bidure. Die Sinode het ook geen beswaar dat kerkgeboue daarvoor gebruik word nie.

*—Die Beeld, 24.10.74.*

### **„DOGTERS' GROTER AS MOEDERKERK**

Die totale sieletal van die NG Kerk se dogterkerke is reeds groter as dié van die moederkerk self.

*—Oggendblad, 24.10.74*

### **HOËR LONE VIR SWART WERKERS VOORGESTEL**

Lidmate van die NG Kerk moet die loonstrukture van hulle swart werknemers hersien en aanpas by die verhoogde lewensduurte, het die Sinode gister aanbeveel.

Dié aanbeveling volg op 'n versoek van die NG Kerk in Afrika, soos vervat in die verslag van die algemene sending-kommissie.

Die kommissie beveel ook aan dat die ouderdoms- en ongeschiktheidspensioen van R6,50 per maand vir swartmense verhoog word.

*—Oggendblad, 24.10.74*

### **TUISLANDE VIR ALMAL VERWERP**

'n Voorstel dat tuislande vir alle bevolkingsgroepe—by implikasie ook vir die Kleurlinge en Asiërs—volgens die Bybel verantwoord word, is deur die Algemene Sinode van die NG Kerk verwerp.

*—Die Beeld, 23.10.74*

### **HARDE WOORDE VAL OOR ARBEIDERS**

Harde woorde is gister in die Algemene Sinode van die NG Kerk gewissel toe die trekarbeidstelsel bespreek is. Dit het op 'n openlike botsing tussen 'n teoloog van Stellenbosch en die assessor van die Sinode uitgeloop.

In 'n emosiebelaaide toespraak het prof. Joe Muller die assessor, dr. Koot Vorster, van verdagmakery beskuldig. Hierteen het dr. Vorster ernstig beswaar aangeteken.



Die moderator, ds. D.P.M. Beukes, moes inderhaas in gryp om die „vrede” te handhaaf.

Die argument het ontstaan toe voorgestel is dat 'n deel van die verslag net kennis van geneem word.

Dit was 'n „oomblik van groot smart” vir die kommissie dat die Sinode so 'n maklike uitweg wou kies. Die Sinode moet ook onthou dat die Kerk nie net vir die siel nie, maar ook vir die liggaam sorg, het prof. Muller gesê.

Kort hierna het die Sinode besluit om slegs kennis te neem van 'n deel van die verslag. Dit was minute nadat 'n soortgelyke voorstel oor die vraagstuk van die Bantoe in Blanke gebiede aanvaar is.

Oor trekarbeid het die Sinode slegs kennis geneem van nuwe arbeidersreëlings.

—*Die Vaderland*, 23.10.74

### GERICKE HET 3 KEER GEDAAG—KRUYSWIJK

Dr. A. Kruyswijk, Moderator van die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN), het gister 'n preek aan Beeld oorhandig. Die preek het hy voorberei om in Suid-Afrika te lewer, maar daar is geen geleentheid vir hom om dit te lewer nie.

Dr. Kruyswijk het aan Beeld gesê dat hy drie keer deur dr. J.A. Gericke uitgedaag is om 'n preek te lewer oor Sagaria 4 vers 6: „Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskaar”.

Ondanks sy aanvaarding van die uitdaging, is daar nou nie vir hom 'n kans geskep om die preek te lewer nie.

—*Die Beeld*, 23.10.74

### SINODE SKRAM NIE WEG VAN SYDNEY

Die besluite van die Algemene NG Sinode oor omstrede sake soos gemengde huwelike en gesamentlike aanbidding het te doen met die besluite wat in 1972 in Sydney deur die Gereformeerde Ekumeniese Sinode gemeen is. Dit is dus vals om te beweer dat die Sinode van Sydney wegvlug.

Só het dr. J.S. Gericke, wat 'n afgevaardigde in Sydney was, en ds. W.A. Landman, voorsitter van die Landman-kommissie, gister aan Beeld gesê.

Ds. Landman het gesê al die besluite van Sydney is deur sy kommissie oorweeg toe die groot aantal aanbevelinge opgestel is. Saam met elke aanbeveling is daar 'n uitvoeriger motivering. Die Sydney-besluite is sonder motivering gepubliseer. Lidmate van die NG Kerke sal nou beter in staat wees om die besluite van die Algemene Sinode te begryp.

—*Die Beeld*, 24.10.74.

### MENSEREGTE: woord vir woord aanvaar

Die Algemene Sinode van die N.G. Kerk het die Landman-kommissie se aanbeveling oor die belangrike kwessie van menseregte woord vir woord aanvaar.

Dit word in die kommissie se verslag voor die Sinode soos volg geformuleer:

„Op grond van die Skrif kan ons regte as aansprake wat die mens uit homself sou besit, soos die begrip vandag algemeen gebruik word, nie aanvaar nie.

„Menseregte is daardie regte wat God aan die mens as sy beeldraer geskenk het ten einde sy pligte en roeping as mens te kan nakom.

„Om aan sy roeping as mens te kan beantwoord, het die mens reg op sy lewe en die voortsetting daarvan deur huwelik en gemeenskapsvorming, op besit en op godsdiens- en gewetensvryheid.

„Dit spreek vanself dat die uitoefening van hierdie regte nooit op 'n individualistiese wyse losgemaak kan word van die gemeenskap waarbinne die enkeling sy lewensruimte vind nie, want ook die gemeenskap het, as gemeenskap van mense, kollektiewe regte op grond waarvan hy sy roeping van Godswê kan nakom.

„By die erkenning van regte moet voorregte gepaard gaan met verantwoordelikheid. Regte en voorregte mag nie weerhou word wanneer daar 'n regmatige aanspraak op is nie.”

—*Die Burger*, 23.10.74.

### G.K.N.-leiers kap terug:

#### „N.G. KERK STREM DIE REGERING IN S.A.’

Die leiers van die Gereformeerde Kerke in Nederland het die N.G. Kerk gister daarvan beskuldig dat hy 'n „pressiegroep” is wat die Regering strem in die veranderinge wat hy in Suid-Afrika teweeg wil bring.

Hulle sien die inisiatief wat dr. J.D. Vorster in die Algemene Sinode geneem het met die voorstel dat 'n ultimatum tot die Nederlandse Kerke gerig word, as die begin van 'n proses wat tot die verbreking van die bande tussen die Kerke sal lei. Die Regering beur voorentoe, maar die Kerk hou hom terug, sê hulle.

Dr. Adriaan Kruyswijk, Moderator van die Sinode van die Gereformeerde Kerk in Nederland, het aan Die Burger gesê hy was die afgelope vyf jaar drie keer in Suid-Afrika. Hy het geweldige veranderinge hier gesien. Maar ná die besluit van die Algemene Sinode kry hulle die indruk dat die N.G. Kerk in Suid-Afrika hom onnodig met die staat se sake bemoei en dat hy as pressiegroep teen die Regering optree. Dit is in stryd met die N.G. Kerk se opvattinge insake die verhouding tussen Kerk en Staat.

Hy het gesê hy en die twee ander Nederlandse afgevaardigdes betreur die ultimatum-besluit van die Algemene Sinode.

Hy het gesê sekere linkse elemente in Nederland sal oor die verbreking van bande juig en sê: „Laat die Boere maar in hul eie graf rol.” Daarenteen sal andere dit betreur, maar baie sal

nie begryp hoekom die Nederlanders se steun aan die Programme to Combat Racism gelykgestel word met blatante steun aan terrorisme nie.

Dr. Kruyswijk het gesê die Gereformeerde Sinode in Nederland het anderhalf dag afgestaan aan die bespreking van hul aan die Programme to Combat Racism. Die drie Suid-Afrikaanse afgevaardigdes, dr. J.S. Gericke, dr. Frans Geldenhuys en prof. T. van der Walt, het volle geleentheid gehad om alles te sê wat hulle wou sê.

Daarteenoor het dr. Ridderbos eergister tien minute gehad om sy saak te stel. Hy meen die Suid-Afrikaners het in Nederland baie beter behandeling gekry.

Prof. Herman Ridderbos van die Universiteit van Kampen, wat as lid van die Nederlandse Gereformeerde Sinode belas is met buitelandse ekumeniese sake, het gister gesê:

„Ons twee lande sal mekaar nog buite die Sinode wel kan vind, maar binne die Sinode is emosies te veel opgesweepte weens dr. Vorster se optrede.

Wat die ekonomie en die politiek in Suid-Afrika vermag, kan die godsdiens blykbaar nie regkry nie.

Dr. Kruyswijk was juis gister besig om telefonies met die Kerke in Nederland te skakel om hul mening te verneem.

„Ek het die indruk dat daar in Suid-Afrika heelwat veranderinge in die gesindheid en gedagtes van mense gekom het, maar weinig hiervan blyk uit gister se Sinode-besluit.” Hy het bygevoeg: „Ek sien in Suid-Afrika ook ongetwyfeld positiewe veranderinge in die gesindhede van die bruin- en die swartman. Dit wys dat in 'n bepaalde rigting gevorder word.”

Syns insiens het dit in die Sinode nie tot uitdrukking gekom nie, want dr. Vorster het sake verkeerd gehanteer. Daar was gevolglik geen begrip vir die Nederlandse standpunt en geen vernuwing nie. Die Kerk bly op 'n belangrike punt vassteek.

Oor die rasseverhoudinge in Suid-Afrika voel hy dat dit 'n onhoudbare posisie is dat die regte van alle nie-blankes so lank in die hande van blankes is. Hy sien die probleme van afsonderlike ontwikkeling, veral in die posisie van die duisende Bantoes in die stedelike gebiede. Tog het hy die gevoel dat die Regering vorentoe beur, maar die Kerk hou hom terug.

—Die Burger, 18.10.74.

### MARXISTIES? DINAMIES, SE VERHOEF

Beswaar teen die gebruik van die woord „verandering” in die heel eerste aanbeveling van die verslag van die ad hoc studie-kommissie oor rasse- en ekumeniese vraagstukke (die Landman-kommissie) wat voor die Algemene Sinode dien, het gister getoon dat daar 'n aantal afgevaardigdes is wat hulle wil verset teen vernuwing.

Van die beswaarmakers het gesê „verandering” is 'n Marxistiese term, en dat die verandering wat gesoek word, verandering na links is.

Prof. P.A. Verhoef van die Kweekskool op Stellenbosch, lid van die subkommissie oor die onderwerp Ras en Volk in die Lig van die Skrif, het gewaarsku: „As ons so aangaan, sal ons net niksseggende uitsprake kry. Dit sou jammer wees as die

aanbevelinge van die kommissie almal op hierdie manier ‚verminder’ word”.

Ds. Olivier het hierop gesê daar is mos verandering as die Kerk opnuut besin, maar die term „verandering” wat gebruik word, is oorspronklik 'n Marxistiese term, wat ook deur Pro Veritate gebruik word. „Dit kan ons in 'n ding laat beland wat fataal kan blyk te wees.”

—Die Beeld, 22.10.74

### Uittreksels uit die

#### GROETE VAN DIE N.G. SENDINGKERK AAN DIE N.G. KERK BY DIE ALGEMENE SINODE

„Benewens al die baie dinge waarvoor die N.G. Sendingkerk u wil bedank soos bv. u ruim finansiële ondersteuning, u voorsiening van arbeiders en u voorbidding is daar veral drie sake waarin u ons besondere dank verdien.

Eerstens betuig ons opregte dank vir die deeglike akademiese en teologiese opleiding wat deur die voorsiening van die N.G. Kerk aan leraars uit die N.G. Sendingkerk gegee word.

Die afgelope sinode het duidelik bewys hiervan gelewer. Die aandrang op die daarstelling van 'n kerkorde vir die N.G. Sendingkerk waarin beliggaam word dat ook blanke leraars wat diens doen in die Sendingkerk lidmate van daardie kerk sal wees, onderworpe aan sy opsig en tug, spruit onmiskenbaar en onafwendbaar voort uit 'n suiwer gereformeerde denke wat aan die teologiese skool gevorm is.

Tweedens betuig ons ons dank vir u toenemende erkenning van ons selfstandigheid. Binne afsienbare tyd sal ook ons grondwet vervang wees met 'n Akte van Ooreenkoms en sal ons kerkregtelik volkome selfstandig wees. Maar dis reeds baie jare dat u die reg van ons sinode om selfstandige uitsprake oor allerlei sake te gee erken. Reeds in 1962 het die sinode van die Sendingkerk 'n uitspraak oor gesamentlike aanbidding gegee wat soos volg lui:

„Die N.G. Sendingkerk in S.A. aanvaar dat waar die Evangelie ook al verkondig word, vrye toegang gebied sal word aan almal wat begeer om dit te ontvang (1 Kor. 12:12, Ef. 4:3-6, Kol. 3:1)

Differensiasie in onderskeie kerke word deur ons aanvaar as 'n skriftuurlik-geoorloofde praktiese reëling (1 Kor. 7:17-24)

Te midde van hierdie praktiese differensiasie bly die deure van die onderskeie kerke oop vir almal wat gemeenskaplik wil aanbid, afgesien van ras of kleur. Die geestelike eenheid in Christus wil benewens die beleving in gemeentelike verband ook breë ekumeniese beleving vind in dae van gemeenskaplike aanbidding, getuienis, samesprekings en raadpleging. Die N.G. Sendingkerk in S.A. verklaar hiermee dat alle eredienst van die N.G. Sendingkerk te alle tye toeganklik is vir alle mense wat begeer om in gees en in waarheid die gemeenskap van die gelowiges te beoefen.”

Daarom kan die afgevaardigdes van die Sendingkerk met



vrymoedigheid hulle stemme gee vir beide die formuleringe van Pretoria en Sydney oor gesamentlike aanbidding. Die afgelope sinode het dan ook die besluit van Sydney eenparig onderskryf.

Dat die Sendingkerk 'n bepaalde siening oor die wet op gemengde huwelike het behoort niemand te verbaas nie. Net soos die N.G. Kerk vanuit 'n bepaalde verbondenheid aan 'n bedreigde seksie van die Afrikaners by die owerheid aangedring het op die daarstelling van 'n wet op gemengde huwelike, dring die Sendingkerk vanuit sy verbondenheid met 'n gemeenskap wat die wet ervaar as 'n ongunstige refleksie op hulle menswaardigheid aan op die afskaffing van die wet. Reeds by Pretoria het die afgevaardigdes van ons sinode teen die daar aanvaarde formulering gestem. Die afgelope sinode het die besluit van die G.E.S. te Sydney oor gemengde huwelike onderskryf. Uit die beredenering was dit duidelik

- (a) dat afgevaardigdes nie gemengde huwelike begeer nie
- (b) dat sowel die Kerk as die Staat 'n rol te speel het by die daarstelling van 'n huwelik en dat hulle ook die reg het om op bepaalde Skriftuurlike en etiese gronde huwelike te verbied, maar
- (c) dat oorwegings van ras of kleur nooit een van daardie gronde kan en mag uitmaak nie omdat geen skrif of etiese beginsel deur so 'n huweliksluiting verbreek word nie.

Met hierdie selfstandige besluit het ons sinode nou teenoor die standpunt van die N.G. Kerk te staan gekom. Dit is die gevolg van ons selfstandigheid waarvoor ons dankbaar is. Maar die Sendingkerk begeer nie 'n selfstandigheid wat hom van u vervreem nie.

Derdens is ons innig dankbaar dat u ons, sowel as die ander Dogterkerke, aangemoedig het om saam met u ekumeniese betrekkinge aan te knoop. Weens die plek wat ons inneem in die bevolkingsgroep wat ons bedien is ekumeniese verkeer vir die Sendingkerk 'n onvermydelike noodsaaklikheid.

Omdat ons lojaliteit teenoor u en die ander lidkerke van die N.G. familie ons hoër prioriteit in ekumeniese betrekkinge is, waardeer ons die binding van die Federale Raad. Daarom het ons afgelope sinode 'n voorstel dat ons volle lid van die S.A.R.K. word eenparig verwerp en besluit om eers die hele saak na die Federale Raad te verwys. Aan die ander kant het die sinode besluit (deur op te staan) om die bestaande bande met die Gereformeerde Kerken in Nederland te verstewig. U kan dus begryp waarom daar so 'n groot ontsteltenis in die Sendingkerk was oor u besluit om die „band” met die Gereformeerde Kerken as verbreek te beskou indien nie aan sekere voorwaardes voldoen word nie. Die beskouing het by ons posgevat dat so 'n verbreking van die band noodwendig moet lei tot 'n verbreking van bande met die G.E.S., 'n verbintenis waarop ons hoër prys stel. Dr. Vorster en Dr. Gericke het ons egter namens die Breë Moderatuur verseker

- (a) dat die betrokke band beslis nie 'n ekumeniese band is nie, maar 'n historiese band van toegeneentheid en broederlike gesprek wat by verbreking vir u smart sal veroorsaak.
- (b) Dat die aanknoop van en verbreking van gespreksverhoudinge tot die selfstandigheid en vryheid van ons kerke behoort en nie deur die ooreenkoms oor raadpleging deur die Federale Raad beheer word nie.
- (c) Dat 'n verbreking van hierdie gespreksband deur die N.G. Kerk hoegenaamd geen uitwerking het op die

verhouding tot die Dogterkerke nie of op die verhouding van die Dogterkerke tot die Gereformeerde Kerken nie.

- (d) Dat die Sendingkerk deur sy korrespondensie met die Gereformeerde Kerken eerder kan help om die struikelblokke vir goeie verhoudings tot die N.G. Kerk uit die weg te ruim.

—David Botha.

#### **No direct Methodist reaction to Hammanskraal Resolution**

CAPE TOWN — October 21-25: Although it passed no resolutions directly reflecting on the SACC “Hammanskraal resolution” on conscientious objection, the Annual Conference of the Methodist Church of South Africa passed several other resolutions which indirectly touched on the issue.

At one stage there was a full-scale discussion in the conference on Hammanskraal; however this was held in committee, and no statements were forthcoming. Towards the end of the Conference, when the Hammanskraal issue was raised during the report of the Christian Education and Youth Department, the following resolution was decided on:

This Conference is concerned for justice and peace in this country, and therefore supports the expression of concern of the SACC in this regard, and pertinently draws the attention of its membership to conditions in our country that have resulted in a growing situation of violence.”

Another indirect response to the Hammanskraal resolution concerned the issue of conscientious objection. The Conference adopted the following resolution:

This Conference

- (a) Recognises that Christian opinion has always been divided on the question of how Christians ought to respond to the call to bear arms in times of war or national crisis, and that this division still exists.
- (b) Affirms that the position of the conscientious objector has a legitimate place within the Christian tradition and that the right to discuss, question or advocate this position must be regarded as an integral part of the religious liberty fundamental to the health of our society.
- (c) Acknowledges that the South African Government has made provision for certain categories of conscientious objection, either through (a) the option of “non-combatant” duties, or (b) in the case of refusal to wear military uniform at all, a single prison sentence.
- (d) Seeks a reconsideration of the latter position (b), suggesting that there are more creative and useful ways whereby such conscientious objectors might serve their country.
- (e) Points out that conscientious objection is not always based on purely pacifist convictions, but has sometimes arisen through the peculiar circumstances of a specific conflict, leading a person to refuse service because of his inability to share or accept the relative “rightness” of the cause for which he is called to fight, and that the present conflict on our borders provides no exception.

An observer commented that while it was "quite clear that the Conference did not give blanket approval to the Hammanskraal resolution, these resolutions made it equally clear that the general sentiments of Hammanskraal were favourably viewed."

- At the Synod the N.G. Kerk meeting Cape Town at the same time as the Methodist Conference, delegates unanimously voted for a motion rejecting the SACC Hammanskraal resolution. The Synod "recognised the right and privilege of every citizen to defend his people and fatherland and to protect the life and freedom of its citizens." The SACC resolution was seen as encouraging people to nurture conscientious objection and thus to be disobedient to the constituted authority, in conflict with Scripture, particularly Romans 13.

—*Ekunuu*, 30.10.74.

### N.G.K. MAAK MEER DEURE TOE AS OOP

**WORCESTER** — Hoewel daar in die jongste tyd na kontakpunte tussen die blanke en die Kleurlinge gesoek word, bestaan daar die wesentlike gevaar dat skeiding hul steeds verder van mekaar kan drywe. Dit baat nie om versoening te soek en kontakpunte te skep en in skeiding te leef nie.

So het ds. J.C. Smith assessor van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika gisteraand gesê toe hy die een-en-twintigste sitting van die sinode op Worcester amptelik geopen het.

Ds Smith het ook sy teleurstelling uitgespreek dat die N.G. Moederkerk „meer deure toehou as oopmaak". Dit is teleurstellend dat daar met die implementering van die beginsel van gesamentlike aanbidding nog weinig vordering gemaak is, het hy gesê.


—*Transvaler*, 19.9.'74

### VERKLARING DEUR KOPANO YAA BARUTI LI BA BOKDI (DIE BROEDERKRING VAN SWART PREDI- KANTE EN EVANGELISTE VAN DIE N.G. KERK IN AFRIKA, TRANSVAAL)

Bogenoemde Broederkring het op Maandag 14 Oktober 1974 te Warmbad vergader. Die byeenkoms is toegesprek deur ds. S.S. Tema, oud-Assessor van die N.G. Kerk van Afrika (Transvaal) wat as tema gekies het: *Die Strydende Kerk*. In sy toespraak het hy sy blydschap betuig dat die Kerk bewus word van homself as Kerk van Christus en het hy beklemtoon dat die strydende kerk altyd betrokke moet wees in die stryd om geregtigheid maar dat hy in die stryd nooit die beoefening van die liefde mag verloor nie.

Die Konferensie het versoek dat die volgende verklaring uitgereik word:

1. Die Konferensie bid in die naam van Christus dat die Here die familie van N.G. Kerke deur sy Heilige Gees sal



lei en dat die bande tussen die N.G. Kerk in Afrika, die N.G. Sendingkerk, die Indian Reformed Church en die N.G. Kerk asook die Gereformeerde Kerke van Holland prakties nouer getrek sal word en dat die Here aan die Sinode van die N.G. Kerk die regte leiding ook in hierdie verband sal gee.

2. Die Konferensie vertrou dat in die huidige kerklike beraadslaginge en vergaderings die getuienis van die Woord van die Here gehandhaaf sal word en nie 'n politieke stem nie, ook wat betref die suggestie dat kerklike bande verbreek moet word, wat alleenlik op Skriftuurlike gronde kan gebeur.
3. Die Broederkring voel baie sterk ten gunste van die gedagte van rentmeesterskap om die gemeentes tot finansiële selfstandigheid op te hef en versoek die N.G. Kerk in Afrika om ampsdraers uit ons eie geledere aan te stel om die saak onder die gemeentes te bevorder.

Uitgereik deur die Kommissie daartoe opgedra deur die Broederkring.

Ds. S.P.E. Buti  
Ds. E.M. Tema  
Ds. C.M. Molope

—*Johannesburg*, 18.10.74



# METHODIST SYNOD - OCTOCTOBER 1974

## **Methodists become fourth body to resist race classification**

CAPE TOWN — October 23: The Methodist Church supported the stand of the Anglican and Congregational Churches, as well as the S.A. Council of Churches, in refusing race classification as far as the ownership of property is concerned. As multi-racial organisations, churches in South Africa face difficulties under the Group Areas Act, in terms of which members of a specific race may only own property in areas designated for occupation by that race.

A proposal was brought before the conference that it establish four separate race bodies to meet with the requirements of the Group Areas Act. This was unanimously rejected. It was decided to consult with other churches and if necessary to make representations to the Government on this question.

Earlier this year, the Executive of the SACC decided it would refuse race classification particularly with regard to its occupancy of offices in "Diakonia House" in Braamfontein, Johannesburg, is concerned. Later, the "Standing Committee" (or Executive) of the Anglican Church adopted the same position, as did the annual assembly of the United Congregational Church of South Africa. The addition of the Methodist Church to these bodies means that the Government could be facing a far-reaching confrontation with churches on the question of property ownership.

## **Two big advances for Methodist Ministry**

CAPE TOWN — October 24: Two moves which will bring about far-reaching changes in the Methodist ministry were approved by the Annual Conference of that church. Firstly, the Conference agreed unanimously to allow the ordination of women to the ministry. Women will enter the ministry, and serve in it, on exactly the same conditions as their male counterparts. The Methodist Church is the second denomination in South Africa to admit women to the ministry, the other being the United Congregational Church.

In a second major move, the Conference agreed to measures which are aimed at achieving parity of basic stipends between Black and White clergy within a year. To make this possible the Church will call on every White member to contribute R5 a year, every Coloured Indian member R2 a year and every African R1 a year to raise the R400,000 necessary for the equalisation of stipends.

## **Methodist decision on priest-politicians**

CAPE TOWN — October 25: Methodist ministers who are elected to parliament in future will not lose their ministerial status, but will in no way represent the Church in the political field. That decision by the Annual Conference of the Methodist Church was taken with particular reference to Dr. Alex Boraine, former president of the Methodist Church, who


earlier this year was elected as the Member of Parliament for the Pinelands constituency.

The question of Dr. Boraine's status was one of the thorniest issues facing the Conference, and debate on the matter took place in committee. The final resolution on this matter read in part: "... whereas the Church as a whole consists of members with differing political convictions ... a minister seeking election or employment in the party political field shall, without any reflection whatever on the man concerned, be deemed to have withdrawn for the time being, from the Full Connexion with the Conference."

Dr. C. Edgar Wilkinson, Convenor of the Sessional Committee which deals with ministerial matters, explained that "the implications of this decision for Dr. Alex Boraine and any Methodist minister who might take similar steps in future are that:

1. He remains an ordained minister of the Church and his ordination, which includes the right to be invited to preach and administer the sacraments in the Methodist Church, are not in question. Also implicit is that he remains under the discipline of the Methodist Church in that Conference remains the body to which he is accountable, were his conduct as a minister ever to be called into question.
2. However, by stating that he is 'for the time being not in Full Connexion,' the Church recognises that in the sense of his day-to-day employment in the political field, he operates beyond the ambit of its control and cannot therefore be said to be acting in the name of the Church, or in any way as its representative in his new sphere."

—*Ecunews*



THE BIRTH OF ONE CHURCH IN  
CHRIST—N. MGOSI

N. MGOSI



2. Did he do such military service?
3. If not, why not?
4. Did he or any of his cabinet colleagues incite other South Africans to avoid such military service?
5. How many of his cabinet colleagues belonged to the Ossewabrandwag, a subversive organisation which harassed South African soldiers?
6. Did they follow the example of Prime Minister Vorster in objecting to military service in a particular situation on the grounds of conscience?
7. If so, by what right does Mr Botha refer to persons now raising similar objections as "persons disloyal to South Africa"?
8. What is more disloyal to South Africa: to express a religious opinion on the nature of military obligation—as Archbishop Hurley did—or to beat up South African Soldiers in dark streets—as Ossewabrandwag members did?
9. Is there any explanation, other than unmitigated damned cheek, for maintaining double standards on the subject of patriotism?

We have had enough of these insolent lectures on military patriotism from persons whose own record of military patriotism is not only undistinguished but non-existent.

And history has shown that those who make the biggest song and dance about patriotism are often the first to panic when trouble starts.

Mr Botha can put that in his patriotic popgun and smoke it.

*Editorial—Daily Dispatch, 8.9.74*

### SOUTH AFRICA, LAND OF VIOLENCE

House of Assembly. — South Africa is a violent country.

It is a country in which every day

- Seventeen people are murdered.
- Fourteen people die by acts of violence broadly classified as culpable homicide.
- There are two attempted murders.
- There are two robberies with aggravating circumstances.
- There are 39 other robberies.
- There are 171 cases of common assault.
- There are 239 cases of greivous bodily harm.

These statistics are provided in the report of the Commissioner of Police which was tabled in the Assembly yesterday by the Minister of Police, Mr Kruger.

The report covers the year ending June 30, 1973.

The vast majority of the crimes of violence take place among South Africa's 16-million Blacks—largely those living in the "White" cities and its more than 2-million Coloured people.

Of the 6 421 people who were murdered, 5 697 (almost 89 percent) were Africans, 539 were Coloured people, 140 were Whites and 45 were Indians.

Of the 5 105 people who died as a result of culpable homicide, 3 427 (or 67 percent) were Africans, 656 were Coloured people, 144 were Indians and 868 were White.

Of the 846 cases of robbery with violence, 737 involved Africans, Coloured people or Indians in both roles, and of 14 141 cases of robbery 13 642 (or 96,5 percent) involved Africans, Coloured people and Indians as the victims and as the offenders.

Of the 62 697 cases of common assault, 55 672 involved only Africans, Coloured people and Indians, as did 85 426 of the 87 352 cases of assault with intent to do grievous bodily harm (89 percent and 97,8 percent respectively).

—*The Star, 12.9.74*

### WHITES OUTNUMBERED FIVE TO ONE

Latest Population estimates show that Blacks in South Africa outnumber Whites by more than five to one—and that the gap is widening rapidly.

The figures, supplied by the Department of Statistics in Pretoria yesterday, support forecasts by demographers that at the end of the century, the country will have close to 60 million people—about 44 million of them Africans.

By June this year, the country's population was estimated at 24 887 000—an increase of 2 418 000 compared with the figure for June, 1970. This is a 10,8 per cent increase.

Whites showed the smallest percentage rise during the four years of 8,5 or 325 000—from 3 835 000 to 4 160 000.

Coloureds increased by 232 000 or 11,2 per cent to 2 306 000; Asians by 67 000 or 10,4 per cent to 709 000; and Africans by a massive 1 794 000 or 11,3 per cent to 17 712 000.

This means that during the four year period African numbers went up by 1 469 000 more than Whites.

A senior lecturer in the department of geography at the University of the Witwatersrand, Mr J. Earle, said the percentage increase broadly supported his forecast that by the end of the century the total population would reach 58 million—43,8 million Africans, 7,4 million Whites, 5,7 million Coloureds and 1,5 million Asians.

Mr Earle said one of the startling conclusions to be drawn from the massive increase in population was that South Africa would have to build as many houses in the next 30 years as had been built during the past 300 years.

It was estimated that in the Cape Peninsula alone there was a current shortage of houses for 58 000 Coloured families.

The economic problem of generating an expansion rate sufficiently high and sustained to provide jobs for all who will want them is another massive problem.

More than 100 000 Africans come to the S.A. labour market every year, and although there are no reliable statistics, it is estimated that the number of unemployed among them is rising.

—*Rand Daily Mail, 18.9.74*

